



# Hoofstuk van die dag: Daniël 5

*‘Geweeg’: u is geweeg en te lig bevind. (vers 27)*

Belsasar was Nebukadnesar se kleinseun. Hy was die regent terwyl sy pa Nabonidus met ’n veldtog in Arabië besig was. Die koningin (vers 10) was Belsasar se ma. Belsasar het hierdie

feesmaal-orgie gehou terwyl die stad deur Kores die Pers beleër is. G’n wonder Daniël is gewalg deur sy arrogansie (vers 22-24) nie!
Met hierdie vertelling onderstreep die skrywer die tema van die boek: God regeer. Hy is in beheer. Hy skenk die lewensasem en beskik oor die lewe (vers 23). Hy weet wat aangaan, en almal, hoe magtig ook al, word deur Hom geweeg. Dis die troos van die evangelie.
’n Mens se eerste reaksie op hierdie verhaal en wat met Belsasar gebeur het, is: goed so! Ek kan aan ’n hele paar mense dink van wie dit hoog tyd is dat hulle ook geweeg word. Die Bybel is egter in die eerste plek vir my en jou geskryf. Óns moet hierdie woord ter harte neem en nie die splinters in ander se oë soek nie (Matt 7:5). Ook ons lewens word geweeg.
Ek wéét ek is te lig. Deur God se genade is dit nie mý gewig wat tel nie, maar Christus se offer. Dis my troos.

## Onlangse Bydraes


- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob


## Argief

Argief Kies 'n maand ▼


- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026